

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2025

**EKONOMIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.



SA EXAM PAPERS

Proudly South African

AFDELING A**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 $D - Y = C + I + G + (X - M)$ ✓✓
- 1.1.2 C - Bruto nasionale produk ✓✓
- 1.1.3 A - Gemeenskap ✓✓
- 1.1.4 B - Medium-termyn begroting beleidsverklaring ✓✓
- 1.1.5 A - trog ✓✓
- 1.1.6 C - Monetêre beleid ✓✓
- 1.1.7 D - Internasionale Monetêre Fonds ✓✓
- 1.1.8 B - Oordragbetalings ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PAS-ITEMS

- 1.2.1 H - amptelike reëls en regulasies wat dienslewering kan belemmer ✓
- 1.2.2 F - geld bestee deur firmas om kapitaalgoedere te koop ✓
- 1.2.3 I - die inkrimpingperiode van die sakesiklus ✓
- 1.2.4 A - voorgeskryf deur die Verenigde Nasies om bruto binnelandse produksiesyfers saam te stel ✓
- 1.2.5 D - Minimum saldo's wat deur die SARB aan banke toegelaat word ✓
- 1.2.6 C - Oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite van die private na die openbare sektor ✓
- 1.2.7 B - Proses om regulasies in 'n spesifieke bedryf deur die regering te verwyder ✓
- 1.2.8 E - Verkryging van 'n betekenisvolle deel van 'n besigheid ✓ (8 x 1) (8)

1.3 GEE EEN TERM

- 1.3.1 Belasting ✓
- 1.3.2 Openbare goedere/Meriete goedere ✓
- 1.3.3 Phillipskurwe ✓
- 1.3.4 Revaluasie ✓
- 1.3.5 Kuznets-siklus ✓
- 1.3.6 Oop ekonomie ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30**SA EXAM PAPERS**

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE****2.1 2.1.1 Noem enige TWEE instrumente van die fiskale beleid**

- Belasting ✓
- Regeringsbesteding ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan natuurrampe die Suid-Afrikaanse handelbalans beïnvloed?

- Verminder plaaslike landbou produkte wat tot 'n daling in uitvoere sal lei ✓✓
- Plaaslike verbruikers sal gedwing om meer produkte in te voer as gevolg van tekort op plaaslike markte ✓✓
- Die handelbalans sal verswak as uitvoere daal terwyl invoere styg ✓✓ (2)

2.2 DATA RESPONS**2.2.1 Identifiseer 'n voorbeeld van 'n finansiële instelling uit die uittreksel hierbo.**

- Banke ✓ (1)

2.2.2 Noem enige EEN inspuiting in 'n oop ekonomie.

- Investering / I ✓
- Regeringsbesteding / R ✓
- Uitvoerverdienste / U ✓ (1 x 1) (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *ekonomiesekringloop*

- 'n Ekonomiesekringloop is 'n vloei van besteding, produksie en inkomste tussen verskillende sektore in die ekonomie ✓✓ (2)

2.2.4 Verduidelik die rol van die finansiële sektor in die *ekonomiesekringloop*

Die finansiële sektor fasiliteer die vloei van fondse tussen die deelnemers in die ekonomie, ✓✓ wat lei tot die beskikbaarstelling van fondse vir die stimulering van ekonomiese aktiwiteite aangesien besighede 'n geleentheid kry om hul besighede uit te brei. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 Waarom word huishoudings as die primêre deelnemers in 'n *ekonomiesekringloop* beskou?

- Huishoudings verbruik die goedere vervaardig deur firmas ✓✓
- Huishoudings voorsien die produksiefaktore wat gebruik word in die produksieproses ✓✓
- Huishoudings maak hulle spaargeld beskikbaar aan banke wat die geld uitleen aan firmas om te investeer in die produksie van goedere en dienste ✓✓ (2 x 2) (4)



2.3 DATA RESPONS**2.3.1 Identifiseer die effek van internasionale handel vanuit die inligting hierbo**

- globalisasie ✓ (1)

2.3.2 Noem enige EEN aanbodkant-rede vir internasionale handel

- Natuurlike hulpbronne ✓
- Weertoestande ✓
- Arbeidhulpbronne ✓
- Tegnologiese hulpbronne ✓
- Spesialisasie ✓
- Kapitaal ✓ (1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die term *internasionale handel*

Internasionale handel is die uitruil van goedere en dienste tussen lande en is 'n sleutel gedeelte van globale ekonomie ✓✓ (2)

2.3.4 Verduidelik die teorie van vergelykende voordeel van handel in goedere en dienste.

- 'n Land het 'n vergelykende voordeel wanneer dit 'n goed of diens teen 'n laer geleentheidskoste as 'n ander land kan produseer. ✓✓ (2)
- (Aanvaar enige korrekte relevante antwoord)

2.3.5 Hoe kan inkomstevlakke lei tot internasionale handel?

- Veranderinge in inkomste veroorsaak 'n verandering in die vraag na goedere en dienste ✓✓
- Hoër inkomste skep meer behoeftes, begeertes en 'n groter vraag na 'n verskeidenheid van goedere al moet goedere van oorsee ingevoer word ✓✓
- 'n Styging in die per kapita inkomste van mense veroorsaak meer besteebare inkomste wat gebruik kan word op plaaslike goedere en dienste en waarvan sekere produkte ingevoer moet word. ✓✓ (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek die produktemark binne 'n ekonomiesekringloop

- Hierdie markte is vir verbruikersgoedere en dienste ✓✓
- In ekonomie word onderskeiding getref tussen goedere en dienste:
 - Goedere word gedefinieer as tasbare items soos kos, kleding en motors wat menslike behoeftes bevredig. ✓✓
- Koop en verkoop van goedere wat in markte vervaardig is, sluit in:
 - Kapitaalgoedere mark vir handeling van geboue en masjinerie ✓✓
 - Verbruikersgoedere mark vir duursame goedere, semi-duursame goedere en nie-duursame verbruikersgoedere. ✓✓
 - Dienste word gedefinieer as nie tasbare aksies en sluit groothandelaars en kleinhandelaars, vervoer en finansiële markte. ✓✓ (4 x 2) (8)



2.5 Hoe kan 'n verbetering in handelsvoorwaardes die Suid-Afrikaanse ekonomie raak?

- 'n Verbetering in die ruilvoet impliseer dat die prys van Suid-Afrikaanse uitvoere gestyg het relatief tot die pryse van sy invoere. ✓✓
- Die styging in uitvoerpryse verbeter die waarde van die land se geldeenheid, wat lei tot 'n sterker rand. ✓✓
- Daarom ontvang Suid-Afrika meer Amerikaanse dollars vir dieselfde hoeveelheid uitvoergoedere, wat die land se uitvoer inkomste 'n hupstoot gee. ✓✓
- Soos die rand appresieer, daal die koste van invoere vir Suid-Afrika. ✓✓
- Dit beteken nou dat die land buitelandse goedere en dienste teen 'n laer prys kan koop, wat invoer meer bekostigbaar maak vir beide verbruikers en besighede. ✓✓
- Die verlaging van invoerpryse bevoordeel die Suid-Afrikaanse ekonomie deurdat dit koopkrag verbeter en tot 'n gunstiger handelbalans lei. ✓✓ (4 x 2)

(8)
[40]



VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

- 3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE probleme van openbare sektor voorsiening**
- Aanspreeklikheid ✓
 - Effektiwiteit ✓
 - Prysbeleid ✓
 - Assessering van behoeftes ✓
 - Privatisering/nasionalisering ✓
- (2 x 1) (2)
- 3.1.2 **Hoe beïnvloed bruto kapitaalvorming die ekonomie positief?**
- Die verhoogde kapitaalbasis van 'n land sal die produksiekapasiteit verhoog. ✓✓
 - Bruto kapitaalvorming sal 'n bydrae tot die groei van die ekonomie deur die waarde toevoeging proses. ✓✓
 - Betalingsbalans sal verminder deur 'n styging in uitvoerproduksie. ✓✓
 - Huishoudings kan voordeel trek deur werkskeppingsgeleenthede wat armoede gaan verminder/ regering sal hulle doelwitte bereik van volle indiensneming en sal meer belasting kollekteer. ✓✓
- (2)
- 3.2 **DATA RESPONS**
- 3.2.1 **Identifiseer die item in die lopende rekening wat uniek aan Suid-Afrikaners is**
- Netto goud uitvoere ✓
- (1)
- 3.2.2 **Noem die ontbrekende item uit die lopende rekening in die tabel hierbo (A)**
- Huidige oorbetalings ✓
- (1)
- 3.2.3 **Verduidelik kortliks die term *betalingsbalans***
- 'n Sistematiese rekord van alle handel en finansiële transaksies van 'n land met die res van die wêreld. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
- (2)
- 3.2.4 **Verduidelik verandering in aanvraag as 'n maatstaf om betalingsbalans ongelykheid reg te stel**
- 'n Styging in die repokoers sal rentekoerse beïnvloed wat tot 'n daling in invoerbesteding lei ✓✓
 - Regeringsaansporings word toegepas vir plaasvervanger invoere en om uitvoere te bevorder ✓✓
 - Sekere wisselkoerse kontrole word deur die sentrale bank behou om buitelandse valuta te beheer wat tot 'n daling in vraag lei ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
- (2)
- 3.2.5 **Bereken die waarde van die handelsbalans. Toon die formule en alle berekenings**
- Handelsbalans = (Goedere uitvoere + Netto gouduitvoere) – Goedere invoere ✓
- (R1 820bn + R139bn) ✓ – R1 782bn ✓
- R1 959bn – R1 782bn ✓
- R177bn ✓
- L.W.: Allokeer 'n maksimum van 4 punte**
- (4)



3.3 DATA RESPONS

3.3.1 **Identifiseer die oorspronklike autonome verbruik uit die grafiek**
10 ✓ (1)

3.3.2 **Noem die marginale verbruiksgeneigtheid (mvg) uit die grafiek hierbo**
0.5 ✓ (1)

3.3.3 **Verduidelik kortliks die term vermenigvuldiger**
'n Klein aanvanklike styging in besteding lewer 'n proporsionele groter toename in totale nasionale inkomste. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 **Verduidelik die verhouding tussen die marginale verbruiksgeneigtheid (mvg) en die vermenigvuldiger**
Hoe groter die marginale verbruiksgeneigtheid, hoe groter die waarde van die vermenigvuldiger en kleiner die mvg, hoe kleiner die waarde van die vermenigvuldiger. ✓✓ (2)

3.3.5 **Gebruik die formule $\Delta Y/\Delta J$, bereken die waarde van die vermenigvuldiger vir die grafiek hierbo. Toon alle berekenings.**
 $K = \Delta Y/\Delta J$
 $(60-20) \checkmark / (30-10) \checkmark$
 $K = 40/20 \checkmark$
 $K = 2 \checkmark$ (4)

3.4 **Onderskei tussen eksogene en endogene verduideliking van die sakesiklusse**

- Eksogene faktore kom van buite die vryemark af, ✓ terwyl endogene faktore binne die ekonomie ontwikkel. ✓
 - Ondersteuners van eksogene faktore argumenteer dat markte inherent stabiel is, ✓ terwyl ondersteuners van endogene faktore argumenteer dat markte inherent onstabiel is. ✓
 - Monetariste/eksogene verduideliking beveel aan dat regerings behoort nie in die mark in te meng nie, ✓ waar Keynesiaase verduideliking regering ingryping vereis om sakesiklusse te beheer. ✓
 - Eksterne faktore sluit natuurrampe, tegnologiese vooruitgang, regeringsaksies en gebeure in, en soos die COVID-19 pandemie, ✓ terwyl interne faktore verwys na gebeure binne die mark en mislukking in die prysstelsel wat in lyn loop met vraag en aanbod. ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)



3.5 Watter uitdagings staar die Suid-Afrikaanse regering in die gesig om volle indiensneming te bewerkstellig?

- Die onderwysstelsel in Suid-Afrika het studente nie effektief toegerus met die vaardighede en kennis wat nodig is om die aan die veranderde eise van die arbeidsmark te voldoen nie. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie het die afgelope jare stadige groei ervaar, wat werkskepping direk beïnvloed het. ✓✓
- Met beperkte investering en stadige uitbreidings in sleutelsektore is daar minder nuwe poste beskikbaar vir werksoekers, wat tot stygende vlakke van werkloosheid bydra. ✓✓
- Suid-Afrika staar hoë vlakke van ongelykheid en armoede in die gesig, wat die individue verhinder om toegang tot kwaliteit onderwys en beroepsopleiding te verkry. ✓✓
- 'n Aansienlike deel van die arbeidsmag is in diens geneem in die informele sektor, wat buite die regering se regulering en beskerming werk. Dit verhoog die land se werkloosheidsuitdagings aangesien hierdie sektor dikwels werkonsekerheid in die gesig staar, laer lone en beperkte voordele. ✓✓
- Suid Afrika ervaar 'n breïndrein, aangesien baie talentvolle individue die land verlaat op soek na beter geleenthede in die buiteland wat die beskikbaarheid van geskoolde werkers wat nodig is om innovasie en groei te dryf, verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(8)
[40]



VRAAG 4: MAKRO - EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

- 4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE komponente van die finansiële rekening van die betalingsbalans**
- Netto direkte beleggings ✓
 - Netto portefeuljebeleggings ✓
 - Netto ander beleggings ✓
 - Netto finansiële transaksies ✓
 - Reserwe bates (STR toelae) ✓ (2 x 1) (2)
- 4.1.2 **Verduidelik die belangrikheid van spaar vir die ekonomie**
- Spaar verseker die beskikbaarheid van leenbare fondse in finansiële instellings vir beleggings (kapitaalsvorming). ✓✓
 - Verbruikers sal toegang hê tot lenings wat besteding aan duurzame goedere sal verhoog. ✓✓
 - Besparings help om oortollige vraag in die ekonomie te beheer en sodoende vraagtrek-inflasie te verminder. ✓✓
 - Huishoudings sal finansiële vryheid geniet aangesien hulle met hul spaargeld vir hul behoeftes sal kan betaal. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)
- 4.2 **DATA RESPONS**
- 4.2.1 **Identifiseer 'n item wat gebruik word om basiese pryse na markpryse om te skakel**
- Belasting op produkte ✓
 - Subsidies op produkte ✓ (1)
- 4.2.2 **Noem enige EEN metode wat gebruik word om die bruto binnelandse produk te bereken**
- Produksie metode/ BBP (P) ✓
 - Inkomste metode/ BBP (I) ✓
 - Bestedingsmetode/ BBP (B) ✓ (1)
- 4.2.3 **Verduidelik kortliks die term *huidige pryse***
- Huidige pryse, ook bekend as nominale pryse, hou nie rekening met veranderinge in die algemene prysvlak nie en sluit nie inflasie in nie. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)
- 4.2.4 **Verduidelik die belangrikheid van die berekening van nasionale rekening groottotale.**
- Nasionale rekening groottotale word gebruik om die prestasie van 'n ekonomie te meet, soos sy groeikoers. ✓✓
 - Nasionale rekeninge groottotale word gebruik om die sukses of mislukking van ekonomiese beleide te evalueer. ✓✓
 - Nasionale rekeninge groottotale word gebruik om ekonomieë internasionaal te vergelyk. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



4.2.5 **Bereken die bruto binnelandse produk teen markprys (A). Toon alle berekeninge.**

BBP teen markpryse = BBP teen basiese pryse + belasting op produkte – subsidies op produkte

BBP @ mark pryse =

R6 310 829bn ✓

+ R730 506bn ✓

– R17 341bn ✓

= R7 023 994bn ✓

(4)

4.3 **DATA RESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die kurwe wat 'n toename in die vraag na buitelandse valuta verteenwoordig**

- V1/V1V1 ✓

(1)

4.3.2 **Noem die wisselkoersstelsel wat gebruik word in Suid-Afrika.**

- Vry-swewende ✓

(1)

4.3.3 **Verduidelik kortliks die term *wisselkoers*.**

- Die koers waarteen een geldeenheid verruil word vir 'n ander ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord)

(2)

4.3.4 **Verduidelik die rede vir die verskuiwing na regs van die oorspronklike vraagkromme**

- 'n Styging in die aantal Suid-Afkaners wat die Verenigde State besoek. ✓✓
- 'n Styging in die aantal Suid-Afrikaanse invoere van die VSA. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord)

(2)

4.3.5 **Watter voordele kan lande van die wereld uit internasionale handel verkry?**

- Internasionale handel help lande om hul markte uit te brei. ✓✓
- Dit laat die verbruikers toe om toegang tot goedere en dienste te kry wat dalk nie tuis beskikbaar is nie. ✓✓
- Internasionale handel bevorder ekonomiese groei, moedig mededinging aan en verbeter algehele verbruikerskeuse. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)



4.4 Bespreek werklike die (reële) en geldvloei

Werklike (Reële vloei)

- 'n Vloei van die goedere of dienste ✓✓
- Dit sluit die volgende produksiefaktore in soos land of arbeid wat vloei van individue na besighede ✓✓
- Dit sluit ook die vloei van goedere en dienste van besighede na individue in ✓✓

Maks 4 punte

Geldvloei

- Hierdie betalings vir dienste is byvoorbeeld salarisse en lone ✓✓
- Gebeur wanneer besighede lone en salarisse betaal inruil vir produktiewe dienste voorsien deur individue ✓✓
- Sluit ook die vloei wanneer individue geld bestee om goedere en dienste te bekom wat deur besighede vervaardig word ✓✓

Maks 4 punte

(8)

4.5 Analiseer die impak van 'n devaluasie van die rand op die ekonomie

- 'n Swakker rand maak Suid-Afrikaanse uitvoere goedkoper en meer mededinging, lei tot verhoogde uitvoer volumes en inkomste. ✓✓
- Soos uitvoere styg word invoere meer duurder, die handelsbalans verbeter en die vertroue in buitelandse kapitaal daal. ✓✓
- 'n Laer rand lok ook meer buitelandse toeriste wat toerisme inkomste verbeter, en maak Suid-Afrikaanse bates soos eiendom en voorraad meer aantreklik vir buitelandse beleggers. ✓✓
- Dit verhoog egter invoerkoste, verhoog produksiekoste en veroorsaak moontlik hoër inflasie namate besighede hierdie koste aan verbruikers oorgee. ✓✓
- Bykommend, 'n swakker rand verminder die koopkrag van Suid-Afrikaanse verbruikers. ✓✓
- Dit verhoog die skuldslas vir besighede en die regering as gevolg van hoër koste van buitelandse skuld. ✓✓

(4 x 2)

(8)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek volledig die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting** (26)
- **Hoe kan die monetêre en fiskale beleid gebruik word om sakesiklusse glad te stryk?** (10)

INLEIDING

Sakesiklusse kan as opeenvolgende periodes van groei en afname in ekonomiese aktiwiteite beskryf word ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding) (2)

LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**LEIDENDE AANWYSERS ✓**

- Leidende aanwysers is aanwysers wat verander voor die ekonomie verander ✓✓
- Leidende aanwysers gee verbruikers, besigheidsleiers en beleidmakers 'n blik (voortydige waarskuwings) op waarheen die ekonomie beweeg ✓✓
- Hierdie aanwysers piek voor die sakesiklus sy piek bereik ✓✓
- Dit is die mees belangrike aanwyser wat ekonome help om te voorspel wat in die ekonomie gaan gebeur in die toekoms ✓✓
- Wanneer hierdie aanwysers styg, sal die vlakke van ekonomiese aktiwiteite ook styg in die volgende paar maande ✓✓
- Wanneer hulle daal beteken dit dat die vlakke van ekonomiese aktiwiteite ook in die nabye toekoms sal daal ✓✓
- Voorbeelde: sluit ook die aantal residensiële, planne wat goedgekeur is, aantal nuwe werksgeleenthede, aantal nuwe maatskappye in ✓

SAMEVALLENDE AANWYSERS ✓

- Samevallende aanwysers is aanwysers wat verander dieselfde tyd as die ekonomie verander ✓✓
- Samevallende aanwysers wys die werklike toestand van die ekonomie aan ✓✓
- 'n Afswaai word deur 'n daling in hierdie aanwysers getoon terwyl 'n opswaai 'n styging in hierdie aanwysers toon ✓✓
- Samevallende aanwysers bevestig die veranderinge wat voorspel was deur die leidende aanwysers ✓✓
- Die waarde van kleinhandelverkope sal 'n piek bereik en begin daal terseldertyd as die sakesiklus ✓✓
- Voorbeelde: is die gebruik van kapasiteit in vervaardiging, geregistreerde werkloosheid, reële BBP ✓

SLOERENDE AANWYSERS ✓

- Sloerende aanwysers verander nadat die ekonomie alreeds verander het. ✓✓
- Sloerende aanwysers bereik die draaipunt na die sakesiklus alreeds gedraai het. ✓✓
- Sloerende aanwysers dien om die gedrag van mede-voorvalaanwysers te bevestig. ✓✓
- Voorbeeld: aantal handelsvoertuie verkoop, reële belegging in masjinerie, eenheidsarbeidskoste in vervaardiging. ✓



SAAMGESTELDE AANWYSERS ✓

- Saamgestelde aanwysers is 'n groepering van verskeie aanwysers van dieselfde soort tot 'n enkele waarde. ✓✓
- Die enkelsyfer verteenwoordig die norm van 'n land se ekonomiese prestasie. ✓✓
- Saamgestelde aanwyser kan saamgestel word in enkel waardes van saamgestelde, samevallende en leidende aanwyser. ✓✓

AMPLITUDE ✓

- Meet die afstand tussen die waarde van totale uitsette tussen die piek en trog wat gemeet word vanaf die tendenslyn van die piek en trog ✓✓
- Amplitude toon die intensiteit van die opswaai en afswaai in die ekonomiese aktiwiteit ✓✓
- Die amplitude dui twee dinge aan: - Die krag van die onderliggende magte soos rentekoerse, uitvoere of verbruikersbesteding ✓✓
- 'n Groot amplitude gedurende 'n opswaai beklemtoon sterk onderliggende magte ✓✓
 - Die duur van 'n sakesiklus met 'n groter amplitude is gewoonlik langer as een met 'n korter amplitude ✓
 - Die omvang van verandering soos 'n afname in werkloosheid van 50% of toename in inflasie van 100% tydens die opswaai ✓✓
 - Hoe groter die amplitude, hoe meer uiters sal die verandering wees ✓✓

TENDENSLYN ✓

- Die tendenslyn dui die algemene rigting aan waarin die ekonomie beweeg. ✓✓
- Wanneer die ekonomie groei, is daar 'n opwaartse tendens, maar as die ekonomie daal is daar 'n afwaartse tendens ✓✓
- Die tendens sal verander wanneer die tydreeksdata hul gedragspatrone van die verlede verander ✓✓
- Die tendenslyn het normaalweg 'n positiewe helling, omdat die produksievermoë van die ekonomie mettertyd toeneem ✓✓

LENGTE/DUUR VAN 'N SAKESIKLUS ✓

- Lengte word gemeet van piek tot piek of van trog tot trog ✓✓
- Langer siklusse toon krag en korter siklusse toon swakheid met betrekking tot ekonomiese aktiwiteite ✓✓
- Siklusse kan oorskiet, wat beteken dat wanneer aktiwiteite in terme van sommige saamgestelde aanwysers tot bo sy normale vlak toeneem ✓✓
- Die inkrimping in die groei van uitsette kan die vlak oorskiet waar dit natuurlik behoort te stop ✓✓

EKSTRAPOLASIE ✓

- Ekstrapolasie verwys na die berekening van die onbekende uit die bekende feite ✓✓
- Vorige data word gebruik wanneer voorspellings gemaak word oor die toekoms gebaseer op die aannames wat verband hou met die tendense ✓✓
- Die uitbreiding van 'n neiging in die toekoms kan inligting verskaf oor wat waarskynlik sal gebeur ✓✓
- Ekonomie kan voorspel dat die ekonomie oor 'n paar maande sal groei as 'n sakesiklus deur 'n trog gegaan het en 'n opswaai betree het ✓✓
- Ekstrapolasie tegnieke word somtyds gebruik om toekomstige aandeel pryse te voorspel ✓✓



BEWEGENDE GEMIDDELDES ✓

- Hulle word volgens die tydreeks bereken sodat 'n gladder sakesiklus gevestig kan word. ✓✓
- Bewegende gemiddeldes word gebruik om die verandering in 'n datareeks oor 'n sekere tydperk te ontleed. ✓✓
- Ekonomie gebruik bewegende gemiddeldes om skerp stygings in die sakesiklusse te verwyder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

('n Maksimum van 8 punte kan vir blote lys van opskrifte/voorbeelde geallokeer word)

ADDISIONELE GEDEELTE

Fiskale en monetêre beleide kan in samewerking gebruik word om die stabiliteit van die ekonomie te verseker:

- Gedurende 'n resessie, kan die regering besteding op infrastruktuur, onderwys en werkloosheidvoordele verhoog. ✓✓
- Dit sal help met die stabilisering van werkgeleenthede en sal verbruik en besteding 'n hupstoot gee. ✓✓
- In teenstelling met tydperke van toenemende ekonomiese aktiwiteite, kan die regering besteding verminder en belasting verhoog om die ekonomie te vertraag. ✓✓
- Dit sal help met laer inflasie en bate borrels voorkom. ✓✓
- Daarbenewens kan die sentrale bank tydens resessies die geldvoorraad uitbrei en rentekoerse verlaag om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- Netso kan die sentrale bank tydens ekonomiese oplewing die geldvoorraad inkrimp en rentekoerse verhoog om groei te vertraag. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde respons)

('n Maksimum van 4 punte kan vir blote lys/feite geallokeer word)

(10)

SLOT

Deur hierdie ekonomiese aanwysers te monitor, kan besighede en beleidsmakers sakesiklusse beter voorspel en ingeligte besluite neem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde slot)

(2)



VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek die volgende rede(s) vir openbare sektor - mislukking (Koppel hulle aan tipiese probleme ondervind deur openbare sektor mislukking)**
- **Hoe sal openbare sektor mislukking ekonomiese stabiliteit in Suid-Afrika negatief beïnvloed?**

INLEIDING

Lande van die werêld is interafhanklik in en deel elkeen met sy eie unieke uitdaging. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

(2)

LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**Bestuursmislukking:** ✓

(a) Gebrek aan opleiding en ervaring: ✓

- Dit gebeur wanneer staatsamptenare aangestel word om sekere werke te doen, maar hulle het nie die nodige vaardighede nie. ✓✓
- Regeringshulpbronne en fondse word misbruik deur mense wat betaal word vir die werk, maar nie gekwalifiseerd is nie. ✓✓

(b) Swak leierskap: ✓

- Swak leierskap vind plaas wanneer diegene in magposisies versuim om op te tree soos toevertrou. ✓✓
- Ondoeltreffendheid is die direkte gevolg van swak leierskap. ✓✓

Onverskilligheid: ✓

- Gebrek aan aanspreeklikheid en apatie is nou verbind in die arbeidsmag. ✓✓
- Langtermyn aanspreeklikheid is belangrik vir suksesvolle openbare produksie. ✓✓
- Korruptsie en swak dienslewering is simptome van apatie. ✓✓
- In ontwikkelende lande, aanspreeklikheid word dikwels nie toegepas nie. ✓✓

Gebrek aan motivering: ✓

- Werkers kry skaars aansporings vir suksesvolle dienslewering. ✓✓
- Gebrek aan motivering kan tot beperkte diens, lae kwaliteit en hoë koste lei. ✓✓

Burokrasie: ✓

- Dit verwys na wanneer daar te veel reëls, regulasies en prosedures is wat so streng as wat dit is gevolg word sonder enige veranderinge. ✓✓
- Gevolglik neem beleide lank om geïmplementeer te word of word dit glad nie geïmplementeer nie. ✓✓
- Burokrate is dikwels empaties en onsensitief vir die behoeftes van hul kliënte. ✓✓

Politici: ✓

- Om hul mag te behou moet politici herkies word of hul politieke amp te behou. ✓✓
- Dit beteken dat hulle beleide en projekte sal moet bevorder en onderskryf solank hulle stemme in ruil kan kry. ✓✓
- Dienslewering word dus ernstig geraak deur mense wat altyd mag soek. ✓✓



Spesiale belangegroep: ✓

- Diegene wat hul eie belang probeer bevorder deur middel van huursoeking of steunwerwing. ✓✓
- Dit sluit vakbonde en besighede in. ✓✓
- Hulle poog om die regering te beïnvloed om in hul belang op te tree met winsgewende kontrakte, gunstige regulasies, ens. ✓✓

Strukturele swakhede: ✓

- Die rol wat semi-staatsinstellings gegee word om die enigste verskaffers van sekere goedere en dienste te wees, sal 'n negatiewe impak op die doeltreffendheid van die hele land hê. ✓✓
- 'n Tipiese voorbeeld is Eskom as kragonderbrekings gebeur. ✓✓
- Bogenoemde situasie kan potensiële beleggers maklik bang maak om in die ekonomie te belê. ✓✓

(**n Maksimum van 8 punte kan vir blote lys/feite toegeken word**)

ADDISIONELE GEDEELTE**Openbare sektor mislukking sal die ekonomie negatief beïnvloed op verskeie maniere:**

- Dit veroorsaak onstabiele pryse, wat laer verbruikersbesteding hê. ✓✓
- Dit skep beleidsonsekerheid, wat beleggers kan afskrik. ✓✓
- Dit verhoog werkloosheid, omdat die ekonomie nie genoeg werkgeleenthede skep nie. ✓✓
- Dit maak uitvoere moeilik as gevolg van onstabiele wisselkoerse. ✓✓
- Dit verminder die hoeveelheid goedere wat in die buiteland verkoop word (uitvoere), wat die betalingsbalanstekort kan vererger en tot 'n resessie kan lei deur die reële BBP-groei te vertraag. ✓✓
- Dit verhoog staatskoste as gevolg van vermorste hulpbronne, veral in maatskappye in staatsbesit (Parastatale). ✓✓
- Dit verlaag die produksie van goedere en dienste omdat ondernemings in staatsbesit sukkel om noodsaaklike dienste soos energie en vervoer te verskaf. ✓✓
- Dit verhoog die koste om sake te doen as gevolg van ondoeltreffendheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde respons/antwoord)

(**n Maksimum van 4 punte kan vir blote lys/feite toegeken word**)

(10)

SLOT

Die sukses van 'n land in die bestuur van sy ekonomie berus grootliks op sy vermoë om sy amptenare aanspreeklik te hou vir hul dade. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde slot)

(2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 150

